| EKSAMEN | NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT |
|---|---|
| **GRAAD** | 12 |
| **DATUM** | MEI/JUNIE 2025 |
| **VAK** | AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL |
| **VRAESTEL** | 1 |
| **PUNTETOTAAL** | 80 |
| **TYDSDUUR (UUR)** | 2 |
| **AANTAL BLADSYE** | 15 |

SACAI

SOUTH AFRICAN COMPREHENSIVE ASSESSMENT INSTITUTE

SUID-AFRIKAANSE KOMPREHENSIEWE ASSESSERINGSINSTITUUT

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit **DRIE** afdelings:

   **AFDELING A:** LEESBEGRIP (VRAAG 1) (30)
   **AFDELING B:** OPSOMMING (VRAAG 2) (10)
   **AFDELING C:** TAAL (VRAAG 3, 4 en 5) (40)

2. Lees **ALLE** instruksies deeglik deur.

3. Beantwoord **AL** die vrae.

4. Begin elke afdeling op ’n **NUWE** bladsy.

5. Trek ’n lyn ná elke afdeling.

6. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

7. Laat ’n reël oop ná **ELKE** antwoord.

8. Skenk veral baie aandag aan spelling en sinskonstruksie.

9. Skryf netjies en leesbaar, slegs in **BLOU** ink.

10. Beplan jou tyd só:

    **AFDELING A:** 50 minute
    **AFDELING B:** 30 minute
    **AFDELING C:** 40 minute

## AFDELING A: LEESBEGRIP

### VRAAG 1: ARTIKEL

Lees die artikel hieronder en beantwoord die vrae wat volg.

### TEKS A

**DENZIL MOSES**

***So het ek verkeerde besluite oorkom …***



1. Denzil Moses se ouma was ’n dwelmsmous in Mitchell’s Plein. Sy ma was ook later een. Hy het tussen bendes grootgeword en vinnig die leer tot heel bo geklim. Gelukkig het hy ’n tweede kans gekry om al sy verkeerde keuses reg te maak.
2. Denzil vertel: “Ek kon die polsende musiek in die straat hoor. Al hoe harder. Dit was ’n moeilike dag en ek was geïrriteerd. Dinge was lankal nie meer lekker nie.”
3. Ek het geweet dat ek genoeg van die bendelewe gehad het, maar hoe los ’n mens dit? As jy van kleinsaf tussen bendelede en dwelmsmouse grootword, is dit al wat jy ken. Dit is ’n vinnige manier om goeie geld te maak en die ouens respekteer jou.
4. Daardie dag by die vierrigtingstop het ek lankal nie meer omgegee wat met my gebeur nie. My eie broer het my probeer doodskiet en het misluk. Niemand kon iets aan my doen nie. Ek was soos ’n god. Niemand kon my wen nie.
5. Die ou Corollatjie het by die stopstraat gestop. Binne was ’n jong mannetjie wie se radio kliphard deur die oop ruite gespeel het. ’n Maklike teiken.
6. Ek het die passasiersdeur oopgepluk, ingeklim en my 16-*shooter* in sy sy gedruk. “Ry!” het ek deur my tande gesis.
7. Die ander bendes het jare lank my bloed gesoek. Op 13 was ek al ’n wenner vir my bende en op 18 eintlik die baas. Dit was amper onmoontlik om by my uit te kom – behalwe as jy my by die huis kon kry. En my broer kon.
8. Sy bende het hom oortuig om my te skiet vir die eer en respek waarna hy al so lank gesoek het. Die oomblik toe ek hom voor my sien staan het, het ek geweet

wat kom. Die pistool in sy hand was die laaste ding wat ek kan onthou voordat die koeël net agter my oë deur my kop is.

9. By die hospitaal is ek klinies dood verklaar. Maar God het ’n ander plan met my lewe gehad. Ek was nog nie reg daarvoor nie.

10. Die koeël is by my linkerslaap in en by die regterkant uit sonder om enige breinskade te veroorsaak. Al wat seergekry het, is my sinusse.

11. Ek was vasbeslote om my broer terug te kry en wou so gou as moontlik uit die hospitaal kom.

12. Ek sal daardie oomblik nooit vergeet nie. Dit was net ek en my broer – en dié keer het ék die pistool vasgehou. Al wat ek moes doen, was om die sneller te trek en hy het dit geweet. Maar ek kon nie.

13. “Gaan hier weg,” het ek vir hom gesê, “maak dat jy wegkom.” Toe draai ek om en loop. Daardie dag het iets in my hart begin verander. Geen kind droom daarvan om eendag ’n bendelid te wees nie.

14. Wat was klein Denzil se droom? Beslis nie om sy eie broer te vermoor nie. Maar die wêreld gee nie sommer vir ’n *gangster* ’n tweede kans nie. Dit is hoekom ek daardie dag in die Corolla geklim het, omdat ek nie meer omgegee het nie.

15. “Weet jy wie is ek?” het ek vir die mannetjie gevra. Hy het nie eers vir my pistool geskrik nie! “Weet jy dat ek jou hier kan doodskiet sonder om ’n oog te knip?” het ek vir hom gevra. “Dit maak nie saak wie jy is nie,” het hy geantwoord. “My God is baie groter.”

16. Die kind in die kar wat ek probeer kaap het, het vir my gebid. En daar, in daardie vyf minute, het ek my hart vir God gegee. Ek het uit sy kar geklim en hom nooit weer gesien nie.

17. En nee, die lewe daarna was nie maklik nie. Genadiglik het ’n pastoor besluit hy sal vir my blyplek gee. Dag vir dag het hy vir my gewys hoe die lewe kan lyk.

18. Vandag het die bendelede net soveel respek vir my as vantevore. Maar, die keer omdat ek hulle kinders in die skool hou en vir hulle ma’s kos en komberse gee. Een dag op ’n slag herbou ons die gemeenskap van Mitchell’s Plein.

*[Bron verwerk uit: Finesse, “So oorkom ek verkeerde keuses”, Feb. 2023]*

LET WEL:

- Beantwoord AL die vrae.
- Skryf net die vraagnommer en die antwoord neer.

1.1 Waar het Denzil Moses grootgeword? (1)

1.2 Denzil se ma en ouma was in sy lewe betrokke.

In watter opsig is Denzil Moses se ouma en sy ma dieselfde? (1)

1.3 Noem een VERSKIL tussen Denzil en sy broer. (1)

1.4 Denzil het vinnig **die leer tot heel bo geklim**. (Paragraaf 1)

Sê hoe hierdie vetgedrukte woorde figuurlik bedoel word. (1)

1.5 Skryf EEN woord uit paragraaf 2 neer wat beteken die musiek wat Denzil gehoor het was “hard”. (1)

1.6 “Denzil was moeg daarvoor om ’n lewe van misdaad te lei.” (Paragraaf 3)

Gee DRIE redes waarom Denzil gedink het dat hy ’n bendelid moet bly. (3)

1.7 Waarom, dink jy, was die jong mannetjie in die Corolla ’n maklike teiken? (1)

1.8 Kies ’n verduideliking in KOLOM B wat by die aanhaling in KOLOM A pas. Skryf net die letter (A–E) langs die vraagnommers (1.8.1 tot 1.8.4) neer.

| **KOLOM A** | | **KOLOM B** | |
|---|---|---|---|
| 1.8.1 | “Ek was soos ’n god. Niemand kon my wen nie”, want ... (Paragraaf 4) | A | ... ek was so gevaarlik soos ’n slang. |
| 1.8.2 | Ek het deur my tande gesis, want … (Paragraaf 6) | B | … ek het ’n oordrewe selfbeeld gehad. |
| 1.8.3 | “Die ander bendes het jare lank my bloed gesoek,” want ... (Paragraaf 7) | C | ... ’n wonderwerk het gebeur. |
| 1.8.4 | “By die hospitaal is ek klinies dood verklaar,” maar ... (Paragraaf 9) | D | ... hulle wou my vermoor. |
| | | E | ... dit was my droom vir my lewe. |

(4x1) (4)

1.9 Denzil wou nie sy broer seergemaak het nie.
Motiveer waarom hierdie stelling ONWAAR is. (1)

1.10 Kinders word nie wreed gebore nie.
Stem jy saam met hierdie stelling? MOTIVEER jou antwoord. (1)

1.11 Die meeste mense sal baie groot skrik wanneer 'n skelm in hulle kar inspring.

1.11.1 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.
Die bestuurder van die Corolla het nie vir Denzil se pistool geskrik nie, want hy is (gewoond aan geweld / godsdienstig). (1)

1.11.2 MOTIVEER jou antwoord op VRAAG 1.11.1. (1)

1.12 Hoe weet jy dat Denzil wreed is? (Paragraaf 15) (1)

1.13 Wie het vir Denzil gehelp om 'n beter lewe te lei nadat hy uit die jongman se Corolla geklim het? (1)

1.14 Lees weer die subtitel.
Hoe, dink jy, het Denzil daarin geslaag om homself los te maak van sy verkeerde besluite? (1)

1.15 Waarom, dink jy, het die bendelede nog steeds vir Denzil respek? (1)

1.16 Waarom was dit 'n goeie idee van *Finesse* om Denzil se storie te publiseer? (1)

1.17 Noem EEN probleem wat die gemeenskap van Mitchell's Plein in hierdie artikel ervaar. (1)

1.18 Wat sal jy doen om jou gemeenskap te herbou? (1)

**TEKS B: SPOTPRENT**

Bestudeer die onderstaande spotprent en beantwoord die vrae wat daarop volg.




*[Bron: Beeld, 25 Mei 2023]*

1.19 Die agtergrond van hierdie spotprent is 'n tipiese toneel binne 'n gesin se huis. Gee EEN visuele teken wat hierdie stelling ondersteun. (1)

1.20 Wanneer het die spotprent verskyn? (1)

1.21 Wie is die spotprentkunstenaar? (1)

1.22 In watter graad is die seuntjie? (1)

1.23 Die prent spot met biblioteekboeke wat laat teruggegee word.

1.23.1 Kies die KORREKTE antwoord uit dié tussen hakies.
Dit spotprent is 'n voorbeeld van stereotipering, want dit impliseer dat alle seuns (van lees hou / nie van lees hou nie). (1)

1.23.2 Motiveer jou antwoord in VRAAG 1.23.1. (1)

**TOTAAL AFDELING A: [30]**

# AFDELING B: OPSOMMING

## VRAAG 2

Lees die teks hieronder en voer die instruksies uit.

### INSTRUKSIES

1. Som die SEWE MANIERE oor **HOE OM JOU LEWE TE LAAT SAAK MAAK** in jou EIE VOLSINNE op.
2. Skryf die MANIERE puntsgewys neer.
3. Nommer die MANIERE van 1 tot 7.
4. Jou opsomming mag nie langer as 70 woorde wees nie. Dui die korrekte aantal woorde aan die einde van die opsomming aan.

### TEKS C

**HOE LAAT EK MY LEWE SAAK MAAK?**

1. Dink bietjie terug aan toe jy klein was. Het jy drome gehad en oor drome gepraat? Onthou jy al jou planne? Soveel dinge wat jy alles graag wou doen. Dit is nog daar in jou hart.
2. Om ’n suksesvolle, betekenisvolle lewe te geniet, moet jy jou drome ’n realiteit kan maak. Die vraag is: hoe doen jy dit?
3. Moenie wag nie, doen dit nou! Stel duidelike doelwitte wat jy wil bereik. Streef jou drome na met moed en geloof. Ons almal voel soms siek, moedeloos, hartseer en “moeg gewag” vir ons drome om ’n realiteit te word. Moeilike omstandighede, pyn en swaarkry maak ons negatief, maar onthou dit maak jou sterker. As jy dink dit is te laat om jou drome te bereik, maak jy ’n groot fout. Drome het nie ’n vervaldatum nie! Neem aksie om jou drome waar te maak.
4. Vandag luister mense meer en steur hulle meer aan persone se opinies en negatiewe geselskap. Hulle luister selfs na hulle eie negatiewe gedagtes wat deur ander mense daar geplaas is. Dit veroorsaak dat hulle aan hulself begin twyfel. Bestee tyd saam met mense wat jóú beter maak. Wanneer jy tyd met inspirerende en motiverende mense spandeer, dryf dit jou vorentoe.
5. Die meeste mense verstaan nie waarmee hulle goed is nie en erken nie sommer hulle sterk punte nie. Vind en ontwikkel jou unieke gawes en talente. Hou op om jouself met ander te vergelyk, want dit beteken eintlik net een ding: jy wil soos iemand anders wees. Wees positief en kies om met dankbaarheid te leef. As jy liefde, sukses, rykdom en gesondheid soek, fokus jou energie daarop.

*[Bron: Finesse voelgoed, “Sorg dat jy dit wat saak maak, laat gebeur”, Nov. 2019]*

**TOTAAL AFDELING B: [10]**

# AFDELING C: TAAL

## VRAAG 3: ADVERTENSIE

- Die taalvrae wat volg, is op die advertensie hieronder gebaseer.
- Voer die instruksies by elke vraag uit.

**TEKS D**




*[Bron: Google]*

3.1 Kies die KORREKTE WOORD uit dié tussen hakies.

Die prent skep 'n (opwindende/vervelige) gevoel. (1)

3.2 Wie is die adverteerder? (1)

3.3 Wanneer vind die kompetisie plaas? (1)

3.4 Haal EEN woord aan om te wys dat daar geleentheid is vir die kinders om te swem. (1)

3.5 "Bring eie eetgerei en drinkgoed"

Waarom, dink jy, moet mense hulle eie eetgerei en drinkgoed saamvat? Gee TWEE redes. (2)

3.6 Gee die KORREKTE AFRIKAANS vir die afkorting tussen hakies.

Die kompetisie begin 3 (pm). (1)

3.7 Hoeveel tyd gaan daar wees om 'n potjie gereed te kry voordat dit beoordeel word? (1)

3.8 Gee 'n SINONIEM vir die woord tussen hakies.

Die ete is (gratis). (1)

3.9 Waarvoor gaan die adverteerder die donasies gebruik? (1)

**[10]**

## VRAAG 4: STROKIESPRENT

- Die taalvrae wat volg, is op die strokiesprent (TEKS E) hieronder gebaseer.
- Voer die instruksie by elke vraag uit.

**TEKS E**

**MEESTER** **DANIE CRONJE**




*[Bron: http://meester.yolasite.com/strokies.php]*

4.1 Lees raampie 1.

4.1.1 Waaruit kan jy aflei dat Neelsie nie goed gedoen het in sy toets nie? (1)

4.1.2 Kies die KORREKTE antwoord om die sin mee te voltooi. Skryf die letter (A–D) langs die vraagnommer (4.1.2) neer.

Ons kan uit Meester se gesigsuitdrukking aflei dat hy ... is.

A tevrede

B gelukkig

C woedend

D opgewonde (1)

4.2 Verduidelik waarom Meester ongelukkig is in RAAMPIE 2. (1)

4.3 Dink jy Neelsie skrik vir Meester in RAAMPIE 2? Motiveer jou antwoord. (1)

4.4 Watter TWEE dinge wys dat Meester in RAAMPIE 2 hard skree? (2)

4.5 Waar sit Neelsie in RAAMPIE 3? (1)

4.6 Gee ’n voorbeeld van stereotipering wat in die strokiesprent voorkom. (1)

4.7 Gee die OORTREFFENDE trap van die woord tussen hakies.

Meester wil hê sy leerders moet die (goed) uitslae kry. (1)

4.8 Gebruik die HOMONIEM van die woord tussen hakies in ’n sin sodat die betekenis duidelik blyk.

Die hele skool weet (van) Neelsie se streke. (1)

**[10]**

**VRAAG 5: ARTIKEL EN PRENT**

- Die taalvrae wat volg, is op die tydskrifartikel (TEKS F) en die prent (TEKS G) hieronder gebaseer.
- Die numering in die artikel verwys na die vraagnommer wat beantwoord moet word.
- Voer die instruksies by elke vraag uit.
- Opsetlike taalfoute kan voorkom.

5.1 Lees die artikel en beantwoord die vrae.

**TEKS F**



5.1.1 Eleanor Roosevelt het gesê niemand kan jou laat minderwaardig voel sonder jou toestemming nie. Die geheim om 'n 5.1.2 (minderwaardigheid + gevoel) te vernietig, is om te verstaan dat daar net een persoon is wat hierdie 5.1.3 (feeling) toelaat. 5.1.4 Jy laat jouself toe (so voel). Onderskei tussen die optrede 5.1.5 (wat + aan) jy gemeet word. Werk aan jou eie 5.1.6 (selfbeeld). Fokus op jou 5.1.7 sterk (punt). Aanvaar dat 5.1.8 (negatief) mense jou tekortkominge gaan uitwys om hulleself beter te laat voel. 5.1.9 Jy moet jou gedagtes met positiewe kommentaar vul. Droomterapie is soos chemoterapie teen kanker. Jy kan 'n nuwe identiteit kweek 5.1.10 (wat/met/voor) by 'n 5.1.11 (nuut) toekoms pas. Blaai deur 'n tydskrif. Vra die vraag. 5.1.12 Die prent raak my. Neem 'n 5.1.13 bladsy en voltooi die volgende: "Ek droom ek is …"

*[Bron: Finesse, "Wanneer jy voel jy is nie goed genoeg nie", Feb. 2023]*

5.1.1 Skryf die onderstaande sin oor in die DIREKTE REDE.

Eleanor Roosevelt het gesê niemand kan jou laat minderwaardig voel sonder jou toestemming nie. (2)

5.1.2 Vorm 'n SAMESTELLING van die woorde tussen hakies.

Die geheim is om die (minderwaardigheid + gevoel) te elimineer. (1)

5.1.3 Gee die korrekte AFRIKAANS van die woord tussen hakies.

Daar is net een persoon wat hierdie (feeling) toelaat. (1)

5.1.4 Skryf die sin oor in die INFINITIEF.

Jy laat jouself toe (so voel). (1)

5.1.5 Vorm ’n BETREKLIKE VOORNAAMWOORD van die woorde tussen hakies.

Identifiseer die optrede (wat + aan) jy jouself meet. (1)

5.1.6 Gee die VERKLEINING van die woord tussen hakies.

Werk aan jou eie (selfbeeld). (1)

5.1.7 Gee die MEERVOUD van die woord tussen hakies.

Fokus op jou sterk (punt). (1)

5.1.8 Gee die KORREKTE VORM van die woord tussen hakies.

Aanvaar dat (negatief) mense jou tekortkominge gaan uitwys. (1)

5.1.9 Skryf die onderstaande sin oor in die TOEKOMENDE TYD.

Jy moet jou gedagtes met positiewe kommentaar vul. (1)

5.1.10 Kies die korrekte VOORSETSEL uit die tussen hakies.

Jy kan ’n nuwe identiteit kweek (wat/met/voor) by jou toekoms pas. (1)

5.1.11 Gee die KORREKTE VORM van die woord tussen hakies.

Jou nuwe identiteit kan by jou (nuut) toekoms pas. (1)

5.1.12 Verander die onderstaande STELSIN na ’n VRAAGSIN.

Die prent raak my. (1)

5.1.13 Gee die AFKORTING van die woord tussen hakies.

Neem ’n (bladsy) en skryf daarop. (1)

5.2 Kyk na die prent en beantwoord die vrae.

**TEKS G**




*[Bron: Google images]*

5.2.1 Skryf die onderstaande sin oor in die VERLEDE TYD.

Die MSC Orchestra se luukse kajuite en topklasvermaak is meer as net 'n bootreis. (1)

5.2.2 Gee die TEENOORGESTELDE betekenis van die woord tussen hakies.

Dit is 'n (goedkoop) vakansie. (1)

5.2.3 Gee die INTENSIEWE VORM van die woord tussen hakies.

Jy kan 'n vakansie (vol) opwinding en vermaak ervaar. (1)

5.2.4 Voltooi die VERGELYKING.

Passasiers aan boord van die MSC Orchestra is so gelukkig soos ... (1)

5.2.5 Verdeel die woord tussen hakies in LETTERGREPE.

Gaste kan op die dek kuier of in die swembad (baljaar). (1)

5.2.6 Gee EEN woord vir die woorde tussen hakies.

(In die aand) trek passasiers deftig aan. (1)

**[20]**

**TOTAAL AFDELING C: [40]**

**GROOTTOTAAL: [80]**